



STAAN DIT  
RÉGTIG  
IN DIE BYBEL?

As jy wil inskakel in 'n kritiese gespreksgroep waar geen vraag of mening onwelkom is nie, kontak vir Johan van der Merwe ([johan@moederkerk.co.za](mailto:johan@moederkerk.co.za)). Jou vrae kan dalk méér word!

# $\pi$ en die herkouende haas

## Huh?

- Die dominees het vir hulleself die lewe probeer moeilik maak hierdie kwartaal deur ons nuwe reeks: “Huh? Staan dit régtig in die Bybel?”
- Ons dink die kans is goed dat jy oor hierdie kwartaal se preek-tekste nog nooit 'n preek gehoor het nie. Trouens, oor die meeste van hierdie tekste het die meeste dominees ook nog nooit gepreek nie.
- Die doel is nie net om interessante of vreemde tekste uit te lig nie. Die doel is om verrassende nuwe perspektiewe op God te kry wat in hierdie tekste verskuil mag lê.

*In hierdie reeks maak ons met dank onder meer gebruik van ons vriend Bram van de Beek se gedagtes in “Hasselelponi. Meditaties over verrassende teksten uit de Bijbel” (2012)*

## Is die Bybel verkeerd?

- Ja, volgens huidige wetenskaplike kennis is die Bybel dikwels verkeerd. **Byvoorbeeld:**  
**1 Kon 7:23** gee die omtrek van die gegote waterbak in die tempel van Salomo aan as 30 el, wat verkeerd is indien die deursnee 10 el is soos aangegee – dit moet dan met pi bereken word as 31,4 el.  
In **Deut. 14:11-18** word vlermuise doodluiters as voëls beskryf – ons weet tog vlermuise is soogdiere!  
In **Lev 11:1-8** word hase beskryf as herkouende diere, wat ons weet nie die geval is nie (hulle lyk net of hulle healtyd kou). Iemand skryf in kommentaar op die internet: “Hase



*herkou nie, maar blykbaar weet God dit nie.*”

In **1 Sam 2:8** word gesê die aarde is op pilare gevestig (die Bybel sê nie waarop die pilare staan nie), maar ons weet die aarde is rond en aan niks verbind nie?

- Hoe moet ons dit verstaan dat die Bybel sulke feitefoute kan maak? Die skrywers van die Konings, Deuteronomium, Samuel of Levitikus boeke was inderdaad nie onnosel nie. Hulle was juis die beste wetenskaplikes van hulle dag. Hulle het hulle wiskunde en hulle biologie en hulle sterrekunde geken ... **volgens die bestaande kennis van daardie tyd**. Toe is op skool geleer dat  $\pi=3$  is en dat 'n vlermuis 'n voël is.
- Die Bybelskrywers is kinders van hulle tyd en die wêreldbeskouing van hulle tyd. Hulle wou God dien in die wêreld soos hulle dit gesien en verstaan het.

### **Wat bly nóg dieselfde?**

- Ook óns wil God dien in die wêreld soos ons dit ken en verstaan.

- Ook óns wil ánders lewe (“rein wees”) as wat die stroom waarin ons verkeer ons maar net wil meesleur.
- Ook óns beleef in en deur ons wetenskaplike kennis die wonder van God se skepping.
- Ook óns kry ons lewensin en betekenis nie in die nuutste wetenskaplike teorie nie, maar in God wat ons liefhet en onderhou.
- Vandag weet ons soveel meer. Ons weet die heelal is groter as wat die mense in die ou tyd ooit kon besef. Ons weet Saturnus lyk maar so klein en die maan so groot – hy's BAIE groter as die maan. Daaroor sê Calvyn: “En? Wat maak dit nou saak? Dan het God meer gemaak as wat ons heelyd gedink het!”
- Ons tuimel nie rond nie in die heelal nie, ons kan met vertrouwe bid: “In u groot heelal, Here, gryp die stippel ek, wat val.” (Lina Spies) Hy, God, is ons vaste punt, nie die desimale van pi of die kake van 'n haas nie.

### **Gesels saam**

- Watter tekste of idees in die Bybel was nog altyd vir jou baie vreemd?
- Pla die wetenskap-geloof debat jou en laat dit jou twyfel?